Geagte Ouers/Voogde Omsendskrywe 6/2018

Ons bedank al ons ouers wat deelgeneem het aan ons vraelys en dit so sorgvuldig en deeglik ingevul het. Dit het die basis gevorm van ons besprekings tydens die onlangse bosberaad en ons het u insette ter harte geneem en baie aandag aan u voorstelle en versoeke gegee.

Hiermee wil ons u graag op hoogte bring van die beplande projekte wat ons Skoolverbeteringsplan vir die volgende drie jaar sal vorm.

Ons het reeds met sommige projekte begin en wil graag die volgende onder u aandag bring:

1. VEILIGHEID:

- Nuwe kameras by die hoofhek en ‘n kamera, met terugspeelfunksie ,sal binnekort ook by die Naskoolsentrumhek geïnstalleer word.
- Diefwering is reeds in albei gr 7-klasse aangebring om die elektronika wat daar aangebring is, te beskerm.
- Nuwe veiligheidshekke by die grondslagfase word ook hierdie jaar nog aangebring.
- Die hek in Cornwellstraat sal vanaf ingang 2019-skooljaar permanent gesluit wees.
- Die hek in Killarneystraat is reeds permanent gesluit.
- Toegang sal slegs verkry word deur die hoofingang en Rathgartstraat (tennisbane) volgens vasgestelde tye wat reeds aan u meegedeel is.
- Ouers sal diensbeurte waarneem by die hekke volgens ‘n diensrooster wat opgestel sal word. (Ons is hierdie ouers baie dank verskuldig!)
- Personeel doen diens op die speelterrein vanaf 07:30 elke dag.
- ‘n Voetgangersone sal geverf word vanaf die hoofingang waarlangs leerlinge kan loop na hulle rye en speelterrein.
- Beperkte toegang vir gr. R-leerlinge vanaf grondslagfase se kant (ouers sal in kennis gestel word) GEEN TOEGANG VIR gr. R en grondslagfase vanaf Cornwellstraat nie.

2. KOMMUNIKASIE:

- Nuwe kommunikasiestelsel van eksterne verskaffer vanuit die sekretaresse se kantoor om effektiewe dienslewering te verbeter, is reeds ondersoek en die opdrag om so ‘n stelsel te installeer is aan die gang. (Maandag, 17 September)

- Ons doelwit is om 100% van ons ouers te betrek by die D6-kommunikasiestelsel en ook die webwerf deurlopend opgedateer te hou. Die Beheerliggaam voel sterk daaroor dat ons die papierspoor ten opsigte van omsendskrywe aansienlik moet inkort. Daarom gaan groter klem geplaas word om skrywes elektronies (slimfone) onder ouers se aandag te bring.

3. SPORT:

- Addisionele sportafrigters word gekontrakteer vir rugby, netbal, krieket en tennis.
- Vergaderings word belê met omliggende skole om regverdiger mededinging te verseker, veral met betrekking tot vervoer, tydsduur en afstand (in die verkeer).
- Hokkie-oefeninge word op ‘n ad-hoc basis bestuur, let wel, dit is nog nie ‘n amptelike sport wat meeding met rugby of netbal nie.
- Ons beoog om die gr R – 3 in die L O-lesse blootstelling te gee en gr 4 en 5 Dinsdagmiddae ná koor te laat oefen.
- Gr 6 – 7 moet by Hoërskool Bellville se sintetiese baan oefen. Hierdie tye sal aan u deurgegee word.
- Verder beplan ons twee sportdae, een vir elke winterkwartaal: die Drakensteinsportdag wat ‘n weg-sportdag is en dan een sportdag tuis.
- Die gedagte het ontstaan dat ons moontlik sosiale netbalwedstryde tussen meisies en ouers sal aanbied. Dit pas goed in by die versoeke om raak-rugby aan te bied. Mnr. Terblanche is reeds betrokke by hierdie aksie.
- Die ondersteuners-krieketklub gaan weereens gevestig word.

4. TEGNOLOGIE:

- Ons gaan spoedig (2019), die e-tegnologie vir klaskamers uitbrei na gr. 3, soos wat dit reeds in gr. 4 – 7 toegepas word.
- Daar word beoog om ‘n rekenaarperiode te skep vir 2019 in terme van basiese onderrig in rekenaarvaardighede vir gr 1 – 7. Dit is reeds in die beplanningstadium.

5. BEMARKING:

Na aanleiding van ons uitgebreide vraelys het dit duidelik geword dat ons ouers baie graag ‘n ondersteuningsbaadjie sou wou dra. Daar word tans aan hierdie versoek aandag gegee. Ons is bewus van die uitbreiding van tegnologie en die beskikbaarheid van boeke in elektroniese formaat.

Bogenoemde saak word sterk ondersoek omdat ons weet dat sommige leerlinge sukkel om hulle swaar tasse heen en weer te dra. Wanneer hierdie ondersoek afgehandel is, sal ons die inligting meer breedvoerig aan ons ouers oordra.

Ander sake onder bemarking:

- ‘n Skool se voorportaal is die eerste indruk van ‘n skool, daarom gaan ons in 2019 die voorportaal se opgradering as ‘n prioriteit beskou.
- Die skoolsaal is ook deel van die volgende driejaarplan; die saal sal stelselmatig aandag geniet en ook opgradeer word.
- Die damestoilette en personeelkamer het ook dringend aandag nodig en vorm dus deel van projekte wat so spoedig moontlik aandag moet geniet.
- Die OOV het ‘n groot behoefte aan hulp vir fondsinsamelingsprojekte geïdentifiseer. ‘n Daadwerklike poging moet aangewend word om ouers by ons projekte te betrek.
- Ouerbetrokkenheid was een van die hoogste punte op die vraelys se terugvoering. Ons skep met graagte sulke geleenthede. Raak betrokke, asseblief.
- Die databasis sal dienooreenkomstig aangesuiwer word sodat alle nodige e-posadresse, selfoonnommers en ander kontakbesonderhede korrek is. Hierdie projek sal vanaf ingang 2019 afskop.

Die volgende inligting is saamgestel om u bewus te maak van wat ons reeds doen om die **BEMARKING** van ons skool uit te brei:

- ‘n Ekstra kunsklas word elke Vrydagmiddag, sonder vergoeding, aangebied. Dit skep blootstelling aan die kunste en skep die geleentheid om meer te leer oor kuns.
- Daar is ‘n voorstel dat ‘n Robotikaklub gestig word waar leerlinge ekstra vaardighede kan aanleer en terselfdertyd samesyn kan geniet.
- Die Groentjieklub is ‘n klub wat reeds baie besig is en wonderlike geleenthede skep vir ons leerlinge. Hulle gaan binnekort inskakel by ‘n Natuurreservaat (Muldersvlei) wat net kan bydra tot nog meer pret.
- Verder loop die Drama- en Naaldwerkklubs klopdisselboom en die Karate wen ook vinnig veld.
- Ons wil vir u sê, ons kinders is betrokke – dit is ‘n groot bemarkingspluimpie!
- Op kultuurvlak doen ons besonder goed en hoef ons nie terug te staan vir enige ander skool nie. Ons Eisteddfod-, spelkompetisie-, vasvra- en redenaarskompetisiebetrokkenheid is uitstekend
- Die Musiekdepartement is nou weer goed op dreef. Ons moedig ouers aan om hulle kinders in te skryf vir individuele lesse (klavier en kitaar).
- ‘n Daadwerklike poging sal aangewend word om ons koor ook verder te ontwikkel.

Op Akademiese vlak is daar ook baie om oor trots te wees ten opsigte van bemarking:

- 2019 gaan ‘n verandering in die voorkoms van ons Mediasentrum sien. Ons beplan dat die geriewe aangewend sal word vir navorsing en lekker-lees, ‘n plek waar almal welkom is.

- Die didaktiese klasse groei en leerlinge voel al hoe meer tuis in die ekstra klasse wat aangebied word om veral ons Tale- en Wiskunde- standaarde te verbeter en om ekstra ondersteuning te bied.

6. NASKOOLSENTRUM:

Ons is besonder bevoorreg om ‘n baie goeie Naskoolsentrum te hê waar ons leerlinge se veiligheid, versorging en behoeftes aan tuiswerkondersteunig en ‘n heerlike bord kos, deel uitmaak van ‘n totale pakket.

7. BEGROTING:

Om al bogenoemde aspekte sinvol aan te spreek, het begrotingsimplikasies. Geen projekte sal ten uitvoer gebring kan word sonder ‘n goeie begroting nie. Dit sal tweërlei geïntegreer word.

- Befondsing deur middel van OOV projekte, dus is ouerbetrokkenheid van uiterste belang.
- Befondsing moet ingebou word in die skoolfonds in 2019.

8. LEERLINGBETROKKENHEID:

Daar word voldoende geleenthede geskep by Bellville-Noord vir ons kinders om betrokke te raak. Moedig hulle aan om in te skakel!

Vriendelike groete.

_____	_____
Dr. W. Kretschmer	Mnr. J. Mostert
(Voorsitter: BHL)	(Skoolhoof)

18 September 2018